**Skriflesing: Eksodus 1 vers 22 tot 2 vers 10**
**Tema: Ouers dra meer as DNA oor**

Ons vind in Egipte waarskynlik een van die eerste voorbeelde van vreemdelinge-haat. Die farao sien dat die Israeliete al meer word. Hulle hou vir hom 'n bedreiging in. Hy probeer op allerlei maniere hul getalle verminder. Hy onderdruk hulle. Hulle moet werk soos slawe en word van al hulle voorregte ontneem. Toe hy sien dat dit nie die gewens-de resultate het nie, gee hy die vroedvroue opdrag om die Joodse babaseuntjies wat gebore word, dood te maak. Ook dit werk nie. Hierdie vroue is eerder gehoorsaam aan God as aan die farao. 'n Laaste poging wat hy aanwend, is om 'n bevel uit te vaardig dat elke pasgebore babaseuntjie in die Nyl gegooi moet word.

Dit is in hierdie wêreld dat Moses gebore word. Sy ouers was Amram en Jogebed. Ons weet baie min van hulle. Ons kry hulle name in die Ou Testament net in geslagsregis-ters. Moses word in 'n slawe-pondokkie gebore. In ons tyd sou hy in 'n sinkhuisie in 'n plakkerskamp gebore word. Hy het niks. Tog sou dit later blyk dat hy skatryk is aan dit wat die belangrikste is.
Moses-hulle was drie kinders. Mirjam was die oudste. Ons weet glad nie, maar sy was waarskynlik enige iets vanaf 6 jaar ouer is hy. Ääron was die middelkind en hy was 3 jaar ouer as Moses.

Ons is ook nie seker op watter ouderdom Moses paleis toe geneem is nie. Hy was waarskynlik iewers tussen 3-12 jaar oud. Eers in die paleis het hy 'n naam met die Hebreeuse betekenis: "uitgehaal" gekry.

Die paleis was 'n wonderlike plek, maar ook baie anders. Van 'n pondokkie het hy gaan woon hy in 'n paleis met sy reuse pilare. Van die mure is met die mooiste prente versier. Alles was so deftig en mooi. Hier was oorgenoeg van die lekkerste kos. Maar hierdie mense het nie die god aanbid wat sy ma aanbid het nie. Hulle het omtrent alles van 'n miskruier tot 'n padda en van 'n koei tot 'n slang aanbid. Moses het hier leer lees en skryf. Hy het waarskynlik in die beroemde Egiptiese Universiteit gaan studeer. Dalk kon hy die owerste van die Egiptiese weermag of selfs die farao se opvolger word. Dit sou egter beteken dat hy die Egitenare se godsdiens sou moes aanneem. Daarvoor het hy nie kans gesien nie.

Hy was ongeveer 40 jaar toe hy op 'n dag na sy eie mense toe gaan en sien hoe 'n Egiptenaar een van sy mense slaan. Hy vermoor toe die Egiptenaar. Dit was nie lank nie of almal het die storie gehoor.

Moses vlug, deur die woestyn waardeur hy later die volk sou lei, na Median. Daar berei God hom vir 40 jaar voor vir sy taak.

Op 80 jarige ouderdom dra hy vir die eerste keer God se opdrag om Sy volk te laat trek aan die farao oor. Nadat Moses die beloofde land gesien het, sterf hy in die woestyn op 120 jarige ouderdom.

Ons lees in die Bybel die volgende van Moses:
Esra 3 vers 2: Hy was 'n man van God
Deuteronomium 34 vers 10: Daar het nie weer 'n profeet in Israel opgetree wat soos Moses was nie. Hy het die Here persoonlik geken.
Numeri 12 vers 3: Hy was 'n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde
Numeri 12 vers 7: Die Here sê van hom: "Hy is die betroubaarste in my diens." Hy word 'n dienaar en 'n uitverkorene van die Here genoem.
Hebreërs 11vers 24-27 lees ons ook van Hom:
"[24]Omdat Moses geglo het, het hy toe hy groot geword het, geweier om die seun genoem te word van die farao se dogter. [25]Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam

met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê. [26]Die smaad ter
wille van die Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy
na die beloning uitgesien het.
[27]Omdat hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning
bang was. Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien.
[28]Omdat hy geglo het, het hy die pasga ingestel en die bloed aan die deurkosyne laat
smeer sodat die engel van die dood nie die eersgeborenes van Israel sou tref nie."

Ook Moses se broer en suster was besondere mense. Aäron was die eerste hoëpriester. Hy het 'n belangrike rol in die bevryding van die Israeliete gespeel. Moses het gehakkel. Aäron moes as God se mondstuk voor die farao optree.

Mirjam was 'n profetes. Sy het 'n loflied gesing nadat die Israeliete met droë voete deur die Rietsee gestap het en die Egiptenare agter hulle verdrink het (Eksodus 15 vers 20-21). Sy was 'n leier, veral van die vroue.

Waar kom hierdie besondere kinders vandaan? Van naamlose "one liner" ouers. Hulle was doodgewone mense. Die "weggesteek" van Moses beteken eintlik dat hulle hom as 'n kosbare skat of besitting hanteer het.
En dan lees ons, 1 500 jaar later, in Hebreërs 11 vers 23 die volgende van hulle:
"[23]Omdat die ouers van Moses geglo het, het hulle hom na sy geboorte drie maande lank weggesteek toe hulle sien dat hy 'n mooi kindjie is. Hulle was nie bang vir die bevel van die koning nie."

Ouers dra meer as DNA oor: Saam met moedersmelk, het Moses liefde vir God, waardes en norme ingekry. Sy ouers se gebede het hom staande gehou. 'n Gladde pad van ouerskap was dit beslis nie. Daar is nie so iets nie. Ons kan ons indink hoeveel trane daar gevloei het en hoeveel slapelose nagte daar was nadat hulle seun 'n Egiptenaar vermoor het.

Ons weet dat lewensverandering (bekering) meer gebeur deur verhoudings as deur die gekombineerde invloed van die media, veldtogte, persoonlike getuienisse en kruis-kulturele sendelinge tesame! Navorsers beweer dat byna 90% van alle Christene tot geloof kom deur die invloed van familie en vriende – tipies binne 'n huishouding. En dit is wat in Moses, Aäron en Mirjam se lewens gebeur het. Hulle was skatryk aan dit wat die belangrikste is.

James Ryle het die volgende tydens 'n konferensie van die organisasie Promise Keepers vertel: Toe hy 2 jaar oud was, is sy pa tronk toe gestuur. Toe hy sewe was, is hy in 'n kinder-huis geplaas. Op 19 was hy in 'n motorongeluk waarin 'n vriend gesterf het. Hy het dwelms verkoop om geld vir sy regskoste bymekaar te maak, maar is gearresteer en het tronkstraf uitgedien. James het in die gevangenis tot bekering gekom. Na sy ontslag het hy in die bediening ingegaan. Jare later het hy sy pa opgespoor. Sy pa het gevra: "In watter tronk was jy?" Op James se antwoord het sy pa gesê: "Ek het daardie gevangenis help bou." Hy was 'n sweiser wat aan verskeie tronke gewerk het. James het gesê: "Ek was in die tronk wat my pa help bou het."

Bou ons tronke vir mekaar of deel ons die ware lewe en rykdom waarmee die Here ons seën?

Jou kinders sal miskien nie altyd na jou raad luister nie, maar hulle kan nooit aan jou invloed ontsnap nie. 'n Kind wat sy eerste 18 tot 20 jaar saam met jou slyt, sal nie anders kan as om sommige van jou misstappe te herhaal en soms wrewelrig te wees teenoor jou nie, maar sal ook bly wees oor jou nalatenskap van ware rykdom en sal in jou voetspore volg.
**Amen**